Daniël Week 30: Eindig 26 Julie https://totueer.blog/52-weke/ **Wêreldryke**

Agtergrond	**Daniël lê ander se drome uit**				**'n Engel lê Daniël se drome uit**		
Agtergrond (1)	Nebukadnesar (2-4)	Belsasar (5)	Darius (6)	Vier diere (7)	Skaap en bok (8)	70 weke (9)	Toekoms (10-12)
605vC	Jerusalem val 586vC	539vC	538vC	553vC	551vC	538vC	537vC
Babiloniese ryk 626 tot 539 vC			Medo-Persiese ryk 539 tot 330 vC			Griekse ryk en Romeinse Ryk	

Dag	**Dag se brood**	**Meer heuning**
Ma	Dan 2	Dan 1-2
Di	Dan 3	Dan 3-4
Wo	Dan 6	Dan 5-6
Do	Dan 7	Dan 7
Vry	Dan 8	Dan 8
Sat	Dan 9	Dan 9-10
Son	Dan 12	Dan 11-12

In die tyd van daardie konings sal die God van die hemel 'n koninkryk oprig wat nooit vernietig sal word nie. (Dan 2:44)

Die boek is geskryf om die Jode in ballingskap te bemoedig deur God se soewereine plan met Israel te voorspel en uit te wys dat die onderdrukking beëindig sou word deur die Messias wat sou kom. Interessant dat hoofstukke 1-2:4 en 8-12 in Hebreeus geskryf is en die res in Aramees. Die profesië oor die wêreldryke is in Aramees en die wat op die toekoms van Israel wys in Hebreeus. Die eerste 6 hoofstukke is hoofsaaklik geskiedkundig en die laaste hfstkke is profeties.

Hfstkke 2-7 is geskiedkundige hoofstukke waarin Daniël e sy vriende voor geloofsuitdagings te staan kom en telkens wys dat God in beheer is al is hulle in ballingskap. In hoofstuk 2-4 is dit net Daniël wat Nebukadnesar se droom kan uitlê en dit voorspel die koninkryke tot en met Christus se koms. Nebukadnesar moes uiteindelik soos 'n dier word voor hy erken God is die enigste God. Belsasar (hstk 5) het God gemondag en dit was die einde van die Babiloniese ryk. Darius (hfstk 6) het deur die leeukuil gebeure ook God erken as die enigste God. Die gesig van die vier diere het dieselfde ryke voorspel as die beeld in hfstk 2.

Die skaap en bokram in hoofstuk 8 wys op die geskiedenis van Israel onder die Medo-Persiese en Griekse Ryk. Aleksander die Grote is die groot horing in 8:21 en Antiogus Epifanus die klein horing in 8:9.

In hfstk 9 bid Daniël op vervulling van Jeremia se profesie van herstel na 70 jaar. Sy geloof is beloon toe Kores beveel dat die ballinge kon terugkeer. Die profesie van die sewentig sewetalle is 490 jaar wat ongeveer die tyd is toe Christus gebore is. Die profesie dek hierdie periode.

Hoofstukke 10-12 voorspel Israel se geskiedenis in die feinste detail. Juis daarom reken sommige verklaarders dit kon eers na die gebeure geskryf gewees het.

Oergeskiedenis	Aartsvader verhale	Uittog verhale	Woestyntog verhale	Wetsgedeeltes	Inname van die land
Rigters tydperk	Oorgangs tydperk	1ste konings	Wysheid en poësie	Ryk verdeel	1ste profete
Noordryk val	Nog profete	Val van Jerusalem	Ballingskap	Terugkeer	Laaste profete

God is in beheer, gee Hom die eer!

Hierdie boek wou Israel leer:
Ten spyte van die ballingskap se seer,
God bly altyd in beheer.

Konings dink hulle sal altyd regeer,
maar elkeen lê die tuig weer neer,
want God is in beheer.

Nebukadnesar wou homself vereer,
maar selfs die vuuroond is gekeer.
Hy moes soos ‘n dier gras verteer
en so het Nebukadnesar hom bekeer,
want God is in beheer.

Belsassar het tempelskatte onteer
Die Skrif teen die muur sê weer:
God bly altyd in beheer!

Darius het die leeukuil probeer,
maar Daniël kry nie seer,
want God is in beheer.

Die engel het Daniël se visioene interpreteer.
En só die volk se toekoms vir hom geleer:
Dis duidelik God is in beheer.

Hou jy ook daaraan vas in jou seer:
Soos Daniël, bid en lees Bybel meer,
sodat jy weer kan leer:
God is altyd in beheer.

Ja, Christus kom weer,
en niemand kan dit keer,
want God is in beheer!
Aan Hom die eer!

God se eer – vuur word beheer

Wie nie buig en die beeld aanbid,
sal ek in hierdie brandoond sit!
(Dan 3:4-7)
Sadrag, Mesag en Abednego het nie gebuig en moes voor die koning getuig...
Besef julle dat julle net dié kans het -
watter god sal julle dan uit my mag red?
(Dan 3:8-15)

Sadrag, Mesag en Abednego gaan toe voort
om koning Nebukadnesar te antwoord:
Ons het ons God vir wie ons dien,
u sal dit in hierdie brandende oond sien! (Dan 3:16-18)

Ons het dan drie manne vasgebind -
daar is nou ‘n vierde – ‘n godekind!
Kom uit, dienaars van die allerhoogste God en Heer!
Hulle was nie geskroei en hulle klere het niks makeer… (Dan 3:23-27, 1953)

Julle was aan julle God getrou
en het in nood op Hom vertrou.
Aan julle God kom toe al die eer,
want Hy het selfs die vuur beheer. (Dan 3:28-29, Dan 4:1-3)

Loop jy in hierdie donker uur
deur die lewe se brandende vuur?
God sal jou daarin bewaar
en Sy engel ontmoet jy daar!